Kinders bid vir kinders

Hierdie week bid ons vir kinders wat probleme het omdat slegte dinge met hulle gebeur het. Elke keer wanneer ons bid vir 'n kind wat probleme het, kan ons ook vir die Here dankie sê dat Hy vir ons so baie gee en dat ons familie het wat vir ons lief is. Ons dink nie altyd so daaraan nie, maar ons het baie wat ander kinders nie het nie.

Maandag: **MIV/VIGS:** Suid-Afrika het die hoogste getal mense wat MIV/VIGS het. Dit beteken dat baie kinders MIV positief gebore word omdat hulle ouers VIGS het. Baie kinders word alleen in die wêreld agtergelaat wanneer albei ouers aan VIGS sterf. In baie gevalle is ander familielede ook siek en te ver heen om vir hulle te sorg. *Here Jesus, ek bid vir hierdie kinders, dat hulle nie alleen sal voel nie. Stuur asseblief iemand om vir hulle te sorg en elke dag vir hulle kos te gee. Help hulle om vir Jesus te leer ken.*

Dinsdag: **Nasorg:** Baie ouers werk deur die dag en los hulle kinders in dagsorg of naskoolsorg. Die mense wat in hierdie plekke vir kinders sorg is werklik wonderlik en spesiaal. Maar partykeer gebeur slegte dinge met kinders in hierdie plekke omdat sommige grootmense nie regtig lief is vir die kinders nie en lelike dinge aan hulle doen en vir hulle sê*. Here Jesus, ek bid vir kinders wat swaarkry omdat grootmense lelike dinge aan hulle doen en sê. Help asseblief dat hierdie slegte mense uitgevang sal word. Ek dank U vir die goeie mense wat kinders oppas en hulle orals in Suid-Afrika versorg.*

Woensdag: **Armoede:** Baie ouers kan nie werk kry nie en kan dan nie vir hulle kinders kos koop nie. Dit gebeur soms dat kinders op straathoeke begin bedel vir geld, omdat hulle regtig iets moet hê om te eet. *Here Jesus, ek bid vir kinders wat nie elke dag genoeg kos het om te eet nie. Sal U asseblief wonderwerke vir elkeen doen sodat hulle kan weet dat U 'n goeie God is. Help asseblief hulle ouers om goeie werk te kry sodat hulle kos kan koop.*

Donderdag: **Ouers:** Baie kinders het nie ouers nie en bly by hulle grootouers. Ander kinders se ouers werk in 'n dorp ver van die huis af en sien hulle net af en toe. *Here Jesus, ek wil vir U dankie sê vir elke kind wat ouers het en wat by hulle kan bly. Help asseblief hierdie kinders om hulle ouers lief te hê en te respekteer. Troos ook die kinders wat nie ouers het nie of wat in weeshuise bly sodat hulle kan weet dat U 'n hemelse Vader is wat ook in hulle behoeftes hier op die aarde kan voorsien.*

Vrydag: **Sê dankie:** Terwyl ons vir die probleme van ander kinders gebid het, kom ons kyk 'n bietjie wat ons het in vergelyking met hulle. Vra iemand om 'n lysie te maak van dit wat jy het waarvoor jy vir die Here kan dankie sê. Sê ook dankie vir jou ouers of familie of voogde wat jou versorg. *Here Jesus, ek sê vir U dankie omdat U goed is en dat daar aan U liefde geen einde is nie (***1 Kron.16:34**). *Dankie dat U vir my wys hoeveel ek het waarvoor ek dankie kan sê.*